First, we are usually not confronted with a whole revolution or a complete campaign of civil disobedience all at once, but with an on-going series of events. A revolution may eventually culminate in a popular uprising or a direct attempt to overthrow the government, but this is usually preceded by an extensive prior campaign in which selective violations of the law may well have played a part. In the case of a specific violation of a law, it may thus prove very difficult to say whether it is a revolutionary act or an act of limited civil disobedience. In fact, it may well be both at the same time. Thus, for example, Gandhi's limited campaign of civil disobedience against the Salt Acts in 1930-1 was also part of his long-range revolutionary objective to end British rule in India. On the other hand, this does not mean that *every* selective violation of the law is also a revolutionary act. It depends on the overall political objectives of the violator—and we may note that in terms of these objectives the civil

disobedient, unlike the revolutionary, is required to keep careful control over the consequences of his pursuit by limited means of limited ends. It should also be emphasized that a crucial part is played by the nature of the response by the authorities. The government may choose to regard *any* challenge to its constituted authority, however selective, as implicitly revolutionary, and deal with it accordingly; or it may accept it as being merely a partial claim to primacy, and somehow learn to live with it even if it can not be just tolerated (Walzer, p. 11). The distinction between civil disobedience and revolutionary intent is to a certain extent dependent on its mutual observance.

The second way in which the distinction between civil disobedience and revolution may be complicated is connected with the problematic relation between the established *government* of the day and the *state*. We have said that even in violating a specific law the civil disobedient remains bound to the general legal order of society. But what precisely is this general order? Is it the system of laws issued by the government of the day? Sometimes the distinction between civil disobedience and revolution is indeed made in these terms. Thus Carl Cohen writes that "the civil disobedient does, while the revolutionary does not, accept the general legitimacy of the established authorities" (Carl Cohen, *Civil Disobedience*, p. 44). On the other hand, we may wish to distinguish between our recognition of the legitimacy of the government of the day and our obligation to the state; we may wish to contest the authority of a comprehensive set of laws for the sake of what we regard as the proper legal order of society. Under these circumstances it becomes extremely difficult if not impossible to distinguish the implications of our fundamental *civil obligation to obey* not the government but the state from that of the aims of a revolution.



GATEWAY TO HAPPINESS

naomi r. pucher

He paused at the gate,
He was lonely and sore
And he did not want
To go home any more.
There was little to eat
And nowhere to play,
Mother and father away all day,
So - he paused at the gate.

The little girl stood
On the other side,
A bow in her hair
And her blue eyes wide.
She put out her hand
As he hoped she would do,
And she opened the gate
As her heart told her to,
And - the little girl stood.

Thro' the open gate
The little boy came,
There was none to applaud
Or to censure or blame.
And the two little children
Played happily there,
One black - and one white
With a bow in her hair.
SHE - had opened the gate.

A RELEVANT CHURCH IN SOCIETY

sol selepe

The sixth resolution of the Reformed Ecumenical Synod, held in Sydney, reads:

"In the proclamation of the Word, the church, to whom has been entrusted the message of Christ's Kingdom, should speak courageously and relevantly on the issues of the day, both for the edification and correction of her members and, where necessary, in criticism of the activities and policies of governments and organizations."

The new Testament makes reference to the church's relationship with the world in two ways. In the first place Christians are called upon to proclaim Christ and his salvation to the whole world. This is expressed at the close of Matthew's Gospel. Christ commands his disciples: "Go ye therefore and make disciples of all nations, baptizing them into the name of the Father and of the Son and of the Holy Spirit, teaching them to observe all things whatsoever I commanded you; and lo, I am with you always, even unto the end of the world" (Matt. 28:19).

In 1 John However, we are told that the church is to proclaim Christ not solely to convert individuals. John says: "that which we have seen and heard declare we unto you too that you also may have fellowship with us" (1 John 1:3). John knows that the church of Christ is supposed to be a sharing fellowship based on its unity in Christ, thus he knows that evangelism, the proclamation of the Word, is also to bring people into the intense sharing fellowship of the church.

In other words, evangelism springs out of a rich experience of community and a tremendous care for people who live in a world of bitter struggles, jealousies and poverty. Thus it is not enough for the church to want people to accept Christ. It also entails our wanting to accept them and them to accept us so that together, black and white, we can share the warmth of human intimacy.

The white Dutch Reformed Church in South Africa has done a lot to bring Christ to the black people of this country. It has spent a great deal of manpower and money to bring salvation to my people and yet the very objects of this evangelism, the black people, are not accepted in this church. As things stand at the moment many white ministers and members of the Dutch Reformed Church are bitterly opposed to integrated worship and the argument is always that integrated worship will be the beginning of integration. This sounds ridiculous, but it is one of the "weapons" that the white church uses to keep blacks from its doors. For me as a black man it has become increasingly embarrassing to belong to a church which brought me Christ and his salvation, but which does not want to share with me the warmth of the Christian community.

CARING NECESSARY IN SOUTH AFRICA

However, it is not only evangelism that marks the church's relationship with the world. There must also be a deep caring for fellow human beings as people, and a ministering to their needs. Perhaps the clearest statement about this in the New Testament comes from St. James. In his letter (2:14-16) he states his understanding of the relationship between faith and works. James makes it clear to us that faith which is not accompanied by acts of mercy and kindness is dead and useless. He goes so far as to say: "You say you have faith and I have good deeds—now you prove to me that you have faith without any good deeds to show" (James 2:18). Paul, however, in his letter to the Romans, says that a man is justified by faith and not by his good deeds (Rom. 4:6).

This does not at all mean that James and Paul are in conflict. It simply means that their emphases are different. For Paul the Christian life of caring springs out of union with Christ as a gift of the Holy Spirit. For James the test of a man's claim to faith is in the life of care for others that he shows. Jesus also said: "It is not for those who say to me 'Lord, Lord', who will enter the Kingdom of heaven but the person who does the will of my Father in heaven. When the day comes, many will say to me 'Lord, Lord, did we not prophesy in your name, cast out demons in your name, work many miracles in your name?' Then I shall tell them to their faces: I have never known you, away from me evil man" (Matt. 7:22,23). Here Jesus makes it plain that the true disciple is not the one who "has faith" but the one whose life is stamped with actions which show true acts of discipleship. Do the actions of the church, in particular the Dutch Reformed Church, show this discipleship in our torn society? What does the Dutch Reformed Church do for the edification and correction of her members in the sphere of race relations in South Africa? What is the churches' stand on the question of racial discrimination which entails so much suffering and humiliation for my people? Is the church's conscience clear about the tense relationship between white and black in this country? I'll leave these questions to the church to answer.

I believe that Christians in South Africa, both white and black, as well as Christians all over the world, are the disciples of Him who said that He came, not as a Master to be served by slaves, but as the servant of others (cf. Mark 10:45). It is the life in service of others, irrespective of colour, which is to be the disciple's life. If the church's life does not have the quality of caring, condemning the wrong, speaking courageously and relevantly on issues of the day, then all religious practices are sheer hypocrisy. ★

TOTALE VERLOSSING

die lewe vd sendingwerker—slot

DAVID BOSCH

Ook die Ou Testament bring dieselfde boodskap van liefde tot God *en* tot die naaste. Kom ons kyk na Jesaja 1. Ek dink die één vers in Jes. 1 waaroor almal van ons al preke gehoor het, is vs. 18: „Kom nou, en laat ons die saak uitmaak, sê die Here: al was julle sondes soos skarlaken ...” Maar het ons ooit al gaan kyk wát daardie sondes was waarvan Israel verlos moes word? Daarvoor moet ons nie slegs vs. 18 lees nie, maar ook verse 11-17! As ons dit lees, kry ons die beskrywing van ’n volk by wie dit skynbaar honderd persent in orde is sover dit die liefde tot God betref. Godsdienstige feeste, offers en gebede word nougeset nagekom op al die vasgestelde tye. En tog is die volk dodelik skuldig, skuldig aan „ongeregtigheid”, „bose handeling”, „verdrukking” en onverskilligheid teenoor die nood van weduwees en wese.

Dan kom vs. 18: „Kom nou, laat ons die saak uitmaak ...” Die strekking is dat dit gehaper het aan die liefde vir die medemens in nood. Maar meer nog: ook die liefde vir God word deur die profeet bevraagteken. Al is alle gebede en offers en feeste keurig in orde, beteken dit *nie* dat hulle God wel liefhet nie. Intendeel—so bedoel Jesaja—waar die liefde tot die naaste ontbreek, ontbreek ook die liefde tot God, word dit *omgekeer* tot „skynheiligheid” en „gruwelikheid” (vs. 13; vgl. ook Amos 5:21-24). Geen wonder nie dat die profeet Jesaja elders kan sê: „Julle ongeregtighede het ’n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie” (Jes. 59:2).

’n Sendeling sonder ’n sendinghart

Dit is dus duidelik dat ’n ware, egte bekering altyd *geweldige* gevolge het. Dit is ’n bekering tot God *en* my naaste. As ek God waarlik met ’n geloofsoog begin raaksien, begin ek ook met nuwe oë na my naaste te kyk.

So dikwels egter lyk dit asof bekering net die één element bevat: asof dit hoogstens bekering tot God is. Selfs in ons mees toegewyde sendingpogings bestaan die gevaar dat ons die *mens* nie werklik sal raaksien nie. Die profeet Jona is in hierdie verband vir ons ’n waarskuwende voorbeeld. Prof. J.C.G. Kotzé het ’n aantal jare gelede ’n radiopreek oor Jona gelewer. Die tema van die preek was: „’n Sendeling sonder ’n sendinghart”. Want dit was Jona inderdaad! Hy het geen liefde vir die Assiriërs gehad nie, geen erbarming met hulle nood nie. Hy het gaan preek, ja, maar slegs om sy gewete te salf en skoon te kry.



Prof. David J. Bosch is ’n leraar van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en professor in die teologie aan die Universiteit van Suid-Afrika.

Vandag is daar ook nog sulke sendelinge. Ek het érens gelees van ’n sendeling aangaande wie sy swart gemeentelede gesê het: „He loves us only in the Lord”—wat eintlik soveel beteken as: hy het ons glad nie lief nie! Teen hierdie verskriklike moontlikheid waarsku Paulus ons in 1 Kor. 13:3. Dit kan nl. gebeur dat ons in ons diens aan die Here, in ons toegewyde oorgegevenheid en pligsgetrouheid, al ons goed uitdeel en selfs ons liggame oorgee om verbrand te word ... sonder liefde. Dit kan dus gebeur dat ons baie geld gee vir die sending, of dat ons baie ure lank bid vir die sending, ja, dat ons selfs self sendingwerk gaan doen, onself „opoffer” in die diens van die Here, maar dat ons dit alles doen met harte wat koud staan teenoor die *mense* om wie dit in ons sendingwerk gaan.

Ons kan dus midde-in ons sendingaktiwiteit en godsdiens „anderkant verbyloop”, soos die priester en die Leviet ...

Bekering tot God *en* my naaste

Ek het hoërop gesê dat dit soms lyk asof ons

bekering net één element bevat, nl. bekering tot God. Eintlik is dit nie korrek nie. Want in die lig van die Skrif is so 'n bekering geen werklike bekering nie. Bekering tot God *sonder* bekering tot die mens is geen ware bekering nie—bekering tot die mens sonder bekering tot God natuurlik ook nie! As ons by ons naaste in nood „anderkant verbyloop”—soos die priester en Leviet wat op pad was na Jerusalem om tempeldiens te gaan verrig—menende dat ons sodoende by God sal uitkom, fouteer ons. Wie ten opsigte van sy naaste „anderkant verbyloop”, loop ook by God anderkant verby. En natuurlik: wie ten opsigte van God „anderkant verbyloop” om sodoende by sy naaste uit te kom, loop ook by sy naaste verby en help hom nie waarlik nie. Op my pad na God kom ek my naaste teë; op my pad na my naaste kom ek God teë.

Die verlossing van die mens—dit is wat ons beoog met ons sendingwerk! Ons het nou reeds begin ontdek dat hierdie begrip veel meer aspekte het as wat ons aanvanklik gemeen het. Die boodskap wat ons bring en die verlossing wat ons beoog, is oneindig ryk en veelkeurig. Om dit verder te illustreer, kan ons gerus 'n bietjie mooi gaan kyk na die Bybelse begrippe wat ons met „verlossing”, „redding” of „heil” vertaal het in ons Afrikaanse Bybel.

Die mees algemene Hebreëuse woord vir „verlos” of „red”, is die woord *jasja*. Verskillende bekende persoonsname is van hierdie woord afgelei, veral name soos Josua, Hosea en Jesus. „Jesus” is natuurlik net die Griekse vorm van „Josua”, en die Here Jesus het spesifiek hierdie naam gekry omdat Hy gekom het om te verlos (vgl. Matt. 1:21).

Wat beteken die woord *jasja* nou eintlik in die Ou Testament? Primêr beteken dit: verlossing of redding uit konkrete, aardse nood. Heel in die besonder beteken dit vir die volk Israel hulle verlossing uit Egipte, uit die slawehuis (Ex. 20:1). In hierdie betekenis kom die woord veral in die Psalms voor (vgl. Psalm 106:8, 10).

Totale verlossing tot diens

Tog gaan dit nooit om 'n blote *uiterlike* hulp nie, maar om 'n totale verlossing, liggaamlik *en* geestelik. Die woord impliseer 'n vernuwing in 'n mens se bestaansomstandighede *en* 'n herstelling van sy gemeenskap met God. Daarby moet gevoeg word dat dit in die Bybel by die verlossing van die mens ook wesenlik altyd gaan om verlossing tot *diens*. Niemand word verlos of gered om hom daarna bloot te gaan sit en verlekker of verlustig in sy redding uit nood nie, maar om hom in diens te stel van God en sy naaste. (Dit is trouens ook waar van roeping en uitverkiesing—dit is altyd verkiesing *tot diens*; vgl. Gen. 12:3).

In die Nuwe Testament word die Griekse woord *sozein* gebruik vir die Hebreëuse begrip *jasja*. Ook *sozein* beteken 'n allesomvattende, gehele verlossing, liggaamlik *en* geestelik. Die gebruik van hierdie woord

in Matt. 1:21 mag ons dus nie eensydig „geestelik” gaan interpreteer nie. Hierdie allesomvattendheid van die begrip sozein kom egter nie altyd duidelik uit in ons Afrikaanse Bybel nie, omdat dit soms met ander Afrikaanse woorde vertaal word. So word dit soms met „gesond maak” of „genees” vertaal (vgl. Mark. 5:23,28). Maar juis só 'n Afrikaanse vertaling wys tegelykertyd ook op die omvattendheid van die begrip: dit gaan om genesing of redding van liggaam *en* siel!

In die praktyk het die begrippe „Heiland” of „Verlosser” vir ons slegs 'n geestelike betekenis. Dit beteken vir ons in die reël dat Jesus ons verlos uit ons persoonlike sondes, dat Hy ons siele red en dat Hy ons in die hemel sal laat ingaan. Oorspronklik het die begrip „heil” of „Heiland” egter veel méér beteken. Die woord „heil” is nl. ook verwant aan die woorde „heel” (Engels „whole”) en „heel” (Engels „heal”). Daar bestaan dus in werklikheid 'n noue verband tussen genesing (healing), heelheid (wholeness), heiligheid (holiness) en heil (salvation).

Skakeringe van Verlossing

As ons nou die totale getuienis van die Heilige Skrif ten opsigte van die begrippe „verlossing” en „heil” in oënskou neem, blyk dit dat ons die verskillende betekenis eenvoudigheidshalwe in *drie groepe* kan indeel:

1. Redding of verlossing uit liggaamlike node, bestaansnood, armoede, verdrukking, verstotenheid, ens. Die klassieke voorbeeld hiervan is die verlossing van Israel uit Egipte. In al hierdie gevalle bly die verlossing egter onvolledig, slegs stukwerk, indien dit nie ook 'n herstel van die verhouding met God beteken nie.
2. In die verdere ontplooiing van die openbaringsgeskiedenis kom ál meer 'n tweede betekenis van „verlossing” of „redding” na vore. Dit beteken nie slegs verlossing teenoor vyande buite ons nie, maar ook verlossing van die vyand binne-in ons, van ons sonde; veral die profete en die digters van die Psalms verkondig dat die gelowiges verlos moet word van hulle eiegeregtigheid, selfliefde, egoïsme, onbarmhartigheid en selfsug. Hulle moet oop oë en oop harte hê vir die nood van hulle medemens. Hulle moet onthou dat hulle Redder terselfdertyd hulle Regter is.
3. In die latere profetiese literatuur is daar 'n verdere element wat al sterker op die voorgrond tree: ons merk daar dat „verlossing” ook beteken verlossing uit hierdie wêreld, ewige verlossing met die oog op die hiernamaals.

In die Nuwe Testament kom hierdie betekenis aldrie voor, en wel op so 'n wyse dat ons skade sou doen aan die rykdom van die Bybelse boodskap indien

ons slegs één van hierdie betekenisskakerings sou raak-sien. Ons moet daarom ook in ons sendingaksie aan aldrie vashou. Ons mag die een nie van die ander skei of teenoor die ander stel nie.

Siel en liggam

Met hierdie hele bespreking hang ook nog 'n ander aspek saam. Ons hoor nl. dikwels dat gesê word dat dit in die sending primêr gaan om die „redding van onsterflike siele”, en soms word dit op só 'n manier gesê dat mens die indruk kry dat die liggame van mense nie van enige belang is nie. Dit is natuurlik 'n verabsoluttering van die derde betekenis wat ons hier bo genoem het, en dan op so 'n manier dat die eerste betekenis heeltemal geïgnoreer word.

Kan ons hierdie interpretasie met enige reg uit die Skrif aflees? Ek twyfel. Hierdie eensydige uitleg is eerder 'n produk van die Griekse heidendom as van die Bybel.

Om hierdie opmerking van my te verstaan, moet ons heel kortliks kyk na die betekenis van die woorde wat in ons Bybels gewoonlik met „siel” vertaal is. Nou moet ek dadelik sê dat die Hebreuse begrip *nefesj* en die Griekse begrip *psuche* (wat ons gewoonlik met „siel” vertaal) baie betekenisskakerings het. Ons kan onmoontlik hier alles bespreek en verwys u in hierdie verband na die boekie van prof. J.A. Heyns: *Die onsterflikheid van die siel*.

Eenvoudigheidshalwe kan ons só saamvat: dit is nie so dat die mens 'n siel *het* nie; die mens *is* 'n siel (vgl. Gen. 2:7). *Siel* beteken dus min of meer soveel as: die mens self, die mens as persoon. Dis nie 'n aparte onderdeel van die mens wat ons uit die geheel van die mens kan uithaal nie. Ons sien dit bv. as ons Mark. 8:36 vergelyk met die parallelle uitspraak in Luk. 9:25. Waar Jesus volgens Markus sê: „Want wat sal dit 'n mens baat as hy die hele wêreld win en aan sy *siel* skade ly?”, sê Hy by Lukas: „... maar *homself* verloor of skade aandoen?” Die belangrike punt is hier dat Lukas wesenlik dieselfde sê as Markus: die mens se siel is die mens self. Dit beteken byna dieselfde as „lewe”.

Trouens, ons Bybelvertalers het self gevoel dat hulle die Griekse woord *psuche* nie altyd met „siel” kan vertaal nie. Die duidelikste voorbeeld hiervan is juis in die gedeelte Markus 8:35-37. In die Grieks kom die woord *psuche* in hierdie drie verse vier maal voor; in die Afrikaans is dit egter twee maal met „lewe” vertaal en twee maal met „siel”!

Ons het in hierdie uitspraak van die Here Jesus dikwels iets ingelees wat nie daar staan nie. Ons het vs. 36 gewoonlik verstaan asof dit beteken: „Wat sal dit 'n mens baat as hy 'n massa aardse rykdomme insamel, maar op die ou end beland sy siel in die verdoemenis?” Nouja, dit is wêl die betekenis van hierdie uitspraak, maar dit is nie àl wat dit beteken nie. Dit beteken in die eerste plek bloot: „Wat help alle rykdom en prestasies jou as jy jou lewe verloor, dit wil sê as jy te sterwe kom?” Dit is dus 'n uitspraak wat slaan op die

„gewone” lewe *sowel* as op die ewige lewe.

Die bron van die misverstand

Waar kom die misverstand rondom die begrip „siel” dan vandaan? Dit kom daarvandaan dat *ons* begrip „siel” en alles wat daarmee saamhang, eerder uit die wysbegeerte van die Griek Plato kom as uit die Bybel. Vir Plato en die hele Griekse denke was die siel eintlik iets losstaande van die mens, iets ewigs, iets *onsterflik* téénor al die ander sterflike elemente van die menslike liggaam. Vandaar kom dan ook die gebruik onder ons om van „onsterflike siele” en „sterflike liggame” te praat.

Voorts is die siel in die Griekse wysbegeerte beskou as 'n *gevangene* binne in die mens se liggaam soos 'n voël in 'n koutjie of 'n bandiet in 'n tronk. Die gevangene sit natuurlik net en wag dat die tronkdeur moet oopgaan sodat hy vry kan uitgaan. En wanneer sal dit met die siel as gevangene gebeur? By die dood! Dan eers, as die liggaam sterwe, word die onsterflike siel uit sy kerker bevry. Die eintlike verlossing is dus eers by die dood moontlik.

Toe die evangelie na die Grieke versprei het, het hierdie heidense idee met die evangelie vermengd geraak. Wat dit so moeilik gemaak het om die gevaar in hierdie interpretasie raak te sien, is die feit dat die heidense siening oënskynlik baie ooreengekom het met die derde Bybelse siening van verlossing wat ons pas bespreek het. Maar dít is juis die punt: in die Bybelse leer was daardie derde siening wesenlik één met die ander twee en kon dit nooit *los* van die ander twee gesien word nie! Op die Griekse bodem het hierdie ander twee elemente egter gaandeweg vir alle praktiese doeleindes heeltemal verdwyn.

Vanuit die Griekse toelogie is hierdie beskouing uiteindelik ook na ons eie tyd oorgedra. Die gevolg is dat die meeste gelowiges vandag nog die siel as iets aparts en losstaande van die liggaam beskou, wat uit sy *eie* onsterflikheid besit. Die liggaam is dus sterflik, die siel nie. Daarom, so word gesê, moet gekonsentreer word op die redding van onsterflike siele.

As ons egter die Skrif bestudeer, is dit duidelik dat alleen God self onsterflikheid besit (vgl. 1 Tim. 6:15, 16). God skênk dan onsterflikheid aan die mens (1 Kor. 15:53,54), maar, let wel, aan die mens as geheel en nie slegs aan sy siel nie. Trouens, die hele hoofstuk 1 Kor. 15 handel juis nie oor die *siel* (soos ons dit ken nie), maar oor die opstanding van die *liggaam*.

Opstanding en vleeswording

Juis oor die *opstanding* van die liggaam moet ons in hierdie verband nog 'n paar woorde sê. Dit is nl. iets nuuts en unieks onder die godsdienste van die wêreld. Daaruit kan ons baie dinge aflei, onder andere dat die Christelike godsdiens ook met die liggame van mense te doen het, dat God dus in die mens belangstel in sy totale lewensverbande.

In noue verband met die Bybelse boodskap aan-

gaande die opstanding van die liggaam is die boodskap oor die *vleeswording van God in Christus*. Ook in hierdie opsig is die Christelike godsdiens uniek onder die godsdienste van die wêreld. Dáár hoor ons wel dikwels van 'n mens wat 'n god word, maar h́ier leer ons van God wat mens word, wat 'n menslike liggaam aanneem, met menslike vlees en bloed. Daarmee sê God „ja” teenoor ons menswees, toon Hy dat Hy met ons as mense in ons menslike node bemoeienis maak.

Vir die Grieke was juis *dit* 'n aanstoot, hierdie „liggaamlikheid” van die Christelike godsdiens. Daarom het in die vroeë Christelike kerk op Griekse bodem allerlei sektariese leringe ontstaan, soos bv. dat Jesus 'n skynliggaam gehad het. Hy het nie werklik in die vlees gekom nie; dit het maar *gelyk* asof Hy 'n menslike liggaam gehad het.

Hierteen veg en stry die apostels, veral Johannes. Vir hom is die belydenis van die vleeswording van Christus *die* toets vir die ware Christelike geloof. Elkeen wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God; maar wie dít ontken, is 'n openbaring van die Antichris (1 Joh. 4:1-3).

'n Christen hou dus aan die *liggaamlike* aspek van die Christelike godsdiens vas. God het immers die wêreld liefgehad. Die skepping is ook syne, en Hy het gesien dat dit *goed* was.

Gedurende die eerste eeue van die Christelike Kerk het sommige dwaalleraars verkondig dat die Skepper-god van die Ou Testament iemand *anders* is as die God van die Nuwe Testament. Hy was 'n slegte God teenoor die goeie God van die Nuwe Testament, en die rede hiervoor is dat hierdie dwaalleraars die God van die Ou Testament beskou het as 'n God wat in die skepping belangstel, in die liggame en lewensomstandighede van mense, terwyl die God van die Nuwe Testament, volgens hulle, die God van die siel en sielelewe was. Hierdie God van die Nuwe Testament het gekom—so sê hulle—om die gemors op te ruim, nl. om die siel te verlos uit die chaos van die skepping.

Die Christen sê egter, *saam* met die Ou *en* die Nuwe Testament: Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan, die wêreld en dié wat daarin woon. Van *daar* uit verkondig die Christen Gods belangstelling in reg en geregtigheid. So lees ons bv. in die Ou Testament herhaaldelik oor die weduwee, die wees en die vreemdeling, en die eise van God dat *hulle* regte beskerm moet word. Hy eis dat daar nie teen die vreemdeling gediskrimineer moet word nie; hy is „soos 'n kind van die land”. In hierdie opsig is Israel heeltemal *anders* as die heidenvolke rondom.

Valse vergeesteliking

Die Griekse benadering sit egter baie diep by elkeen van ons. Daarom vergeestelik ons ook so gou baie uitsprake van die Skrif wat in die eerste plek as konkrete uitsprake bedoel was, ons interpreteer hulle asof hulle slegs te doen het met die mens se siel en met sy ewige redding. Ek het in hierdie verband reeds die voorbeeld

van Mark. 8:36 genoem. Laat my toe om vir u ook 'n ander voorbeeld te noem: Jare gelede is 'n wêreldbiddag vir vroue in een van die Transkeise dorpe gehou, met Matt. 25:31-46 as tema vir die betrokke jaar. Dit gaan dus om daardie gelykenis waarin die Here Jesus die twee groepe links en regs van Hom aanspreek oor hulle optrede teenoor die „geringe broeders” wat honger, dors, nakend, siek of in die gevangenis is. Die dame wat die betrokke biduur gelei het, het toe ter inleiding gesê: „Hier rondom ons is gelukkig nie werklike hongeriges en naaktes nie; ons sal dus die gelykenis maar geestelik toepas!”

Ons sou nog talle ander voorbeelde van sulke ongeregverdigde vergeesteliking kon noem, soos 'n preek oor Mark. 6:37 („Gee julle aan hulle iets om te eet”), wat die prediker dan ook suiwer geestelik uitlê as sou dit bloot bedoel dat ons aan mense geestelike voedsel moet uitdeel. Al hierdie voorbeelde dui egter in één rigting: dat ons die grootsheid, die wydsheid, die allesomvattendheid van die Christelike evangelie verskraal het, dat ons die evangelie soms eerder in Griekse terme gaan interpreteer het as in Bybelse terme.

Daar bestaan 'n wesenlike gevaar dat ons soms *meer* geestelik wil wees as die Bybel self. Die Bybel het egter te doen met die *hele* werklikheid, met geestelike *en* konkrete dinge. Dit het 'n betekenis ook vir ons sendingtaak: ons moet ons besig hou met die *hele* mens in al sy omstandighede, in sy daaglikse bestaansnood en in sy ewige nood.

Lewe in oorfloed ...

In Joh. 10:10 lees ons dat die Here Jesus gesê het: „Ek het gekom dat hulle lewe en oorfloed kan hê”. In die nuwe Afrikaanse proefvertaling lui dit: „Ek het gekom sodat hulle lewe kan hê, en dit in oorfloed”.

Hierdie woorde vat ons hele sendingsboodskap saam, asook ons hele sendingdoel. Trouens, in hierdie woorde ontmoet die twee onderwerpe wat ons in hierdie aarde met mekaar saam oordink het: Ons *optrede* teenoor die mense na wie God ons stuur en die allesomvattende *boodskap* wat ons in Sy Naam aan hulle moet bring. Mag die Here ons ryklik begenadig as sendingwerkers, mag Hy ons ryklik toerus vir hierdie wonderlike taak, sodat ons die boodskap van die „oorfloedige lewe” in al sy omvattendheid aan hulle kan bring en saam met hulle mag deel in daardie volheid van lewe. ★

CHURCH AND STATE

Secondly, the Church may have to intervene if there is a strong move towards further totalitarianism. The lesson to be learned from Nazi Germany is that the Church is the only effective institution for combating a totalitarian regime. The efforts of trade unions, newspapers, universities, opposition parties are of little avail. Hitler succeeded against all of these but never succeeded in 'breaking' the Church to his will.

Extract from Towards Social Change, the report of the Spro-cas Social Commission.

C.I. LOS OM BOM IN SY SKOKMANIFES

'n Openlike pleidooi om wetsverbreking in die manifes van die Christelike Instituut het die land vanoggend geskok. In sowel kerklike as politieke kringe was daar heftige reaksie op die stellings van die Instituut. Dit is as plofbaar en gevaarlik bestempel.

Die manifes—die eerste beleidsverklaring deur die C.I. die afgelope tien jaar—is vanoggend bekend gestel. Dit is hoofsaaklik 'n skerp aanval op die Regeringsbeleid en die Suid-Afrikaanse leefwyse. Dit word bestempel as 'n basis vir 'n nuwe gemeenskap in Suid-Afrika.

Wat egter die grootste skok veroorsaak het, is die eerste amptelike en skriftelike pleidooi vir wetsverbreking en stellings wat vertolk kan word as bedekte pleidooie om revolusie as 'n metode om die bestaande orde in Suid-Afrika omver te werp. Hoewel dit in versigtige taal gestel is en onder die dekmantel van „Christelikheid” geklee word, word daar tog van revolusie as 'n onvermydelikheid gepraat.

Volgens die Instituut kan die huidige Suid-Afrikaanse stelsel slegs behoue bly deur die „mag van strukturele geweld” en in teenstand met die weg van God. Daarom „lok dit sy eie omverwerping deur revolusionêre geweld”.

„Christene is geroepe om God te gehoorsaam eerder as die mens, selfs al sou dit ongehoorsaamheid teenoor die burgerlike owerheid beteken.”

REAKSIE

Met dié sterk taal het die C.I. skerp reaksie uitgelok.

Ds. Jannie Malan, leraar van die N.G.-gemeente Aasvoëlkop, het gesê dat die stellings baie naby kom aan 'n oproep tot revolusie. „Rassisme word nou voorgedou as die grootste gevaar en nie die kommunisme nie.”

Hy het daarop gewys dat daar gesê word dat die Kommunistiese stelsel op „strukturele geweld” berus. Maar desondanks pleit die Christelike kerke nie vir die omverwerping daarvan deur revolusionêre geweld nie.

„Paulus en Jesus het ook geweld verwerp”, sê ds. Malan.

Dr. Andries Treurnicht, LV vir Waterberg en oud-assessor van die N.G. Sinode, het hom net so sterk uitgelaat oor die siening van wat Christelik is en wat nie.

„Ons verskil nie oor die Christen se plig om die Wet van God te gehoorsaam nie en 'n Regering wat dit oortree tereg te wys nie. Die vraag is egter of ons Regering teen die Wet van God optree. Dan sê ek: NEE. Ons beleid van skeiding is nie onchristelik nie en daar is genoeg Bybelse gronde daarvoor.”

Die stelling dat die Suid-Afrikaanse stelsel deur strukturele geweld behou word, het hy ook verwerp. Dit is 'n demokratiese stelsel. Daarom is dit absoluut vals dat daar net een weg oorbly om die stelsel te verander en dit is deur geweld.

In politieke kringe word ook geglo dat vanoggend se manifes wat uit die bloute vrygestel is, niks anders is as 'n „oorlogsverklaring” teen die Schlebusch-kommissie nie. Dit lyk soos die eerste skote in 'n skerp konfrontasie wat nog gaan kom.

—Die Vaderland, 22.6.73.

VADERLAND VERDRAAI C.I. SE
CHRISTELIKE AKSIE

Die berig op die voorblad van die Vaderland van 22.6.73 was 'n duidelike verdraaiing van die inhoud van die C.I. se „manifes” oor Christelike verandering.

1. *Die berig stel dit onomwonde dat dit „bedekte pleidooie om revolusie as 'n metode om die bestaande orde in S.A. omver te werp” sou wees.*

Daarteen moet ten sterkste beswaar gemaak word. Dit is onwaar dat die C.I. so 'n revolusie of geweld voorstaan. Op verskeie plekke in die „manifes” is dit onomwonde duidelik gestel:

Die C.I. pleit bv. dat S.A. op „'n radikale vreedsame wyse ... in gehoorsaamheid aan Christus” verander word. En: „Christelike verandering beteken 'n snelle, radikale en vreedsame verandering na 'n samelewing wat op Christus se weg gebaseer is: liefde, geregtigheid, vryheid, waarheid, en verantwoordelikheid.”

2. *Dié berig stel dit verder dat die C.I. 'n „pleidooi” lewer „vir wetsverbreking”. Dit sou dan „die grootste skok veroorsaak het”.*

Dit is ook 'n verdraaiing van die inhoud van die C.I. se dokumente. Die C.I. het blote erkende bybelse waarhede oor onchristelike wette en onchristelike optredes van 'n regering op die Suid-Afrikaanse situasie toegepas. Soos duidelik aangetoon kan word, is dit totaal iets anders as 'n algemene pleidooi vir openlike wetsverbreking:

„Wetgewing en regering is aan die evangelie van Christus onderworpe en onreg en totalitaristiese aktiwiteite moet verwerp word; wanneer Christene voor onchristelike wette te staan kom, moet hulle God eerder as die mens gehoorsaam.” En: „Jesus, soos die profete voor hom en die Christene na hom, het daarna gestreef om God se wil te volbring, selfs in teëstand met die begeertes van mense en hulle regeerdes.” En: „Die Suid-Afrikaanse samelewingstrukture sluit baie onreg in wat verhoed dat die inwoners Christus se weg kan verwesenlik. Christene is geroepe om God eerder as die mens te gehoorsaam, selfs al sluit dit ongehoorsaamheid aan die siviele owerheid, passiewe verzet of die openlike teenstand van onchristelike wette in.”


Daar is gevolglik ernstige vrae wat beantwoord moet word:

Waarom het die Vaderland die inhoud van die C.I. se brosjures so ooglopend verdraaid voorgestel? Waarom het dr. Andries Treurnicht en ds. Jannie Malan voortvarende kommentaar daarop gelewer sonder dat hulle insae in die dokumente gehad het?

In die tyd wat die C.I. bestaan het, is dit onomwonde gestel, soos nou weer, en dit is deur die 10 jaar bewys dat dié organisasie teen geweld gekant is en hom volkome met 'n Christelike oplossing vir Suid-Afrika vereenselwig het. Waarom wil die Afrikaanse pers dit nie aanvaar nie en word die C.I. oor dié aspek altyd weer verdag voorgestel? Blote eerlikheid is hier op die spel.

Die C.I. bepleit wesenlike Christelike verandering omdat die apartheidsbeleid en -praktyk neerkom op rasse-klassifikasie en -wetgewing, die verbroekeling van gesinne, diskriminasie, ens., wat onchristelik is. Die evangelie van Jesus Christus moet in Suid-Afrika ook in die politiek, die rigsnoer vorm en nie 'n eiewillige, selfsugtige, rassistiese apartheidsideologie nie.

—Roelf Meyer



NAT FOLLY SPARKS OFF UNIVERSITY CRISIS

Two million Coloured people, filled with bitterness, desperation and anguish, are slowly and systematically being driven into the camp of Black Power and racial extremism by the humiliating petty apartheid policy of the Nationalist Party.

This is the real significance of the shock closure this weekend of the University of the Western Cape—the university for Coloureds at Bellville.

The conflict between the 1 000 students and the White-dominated university authorities grew rapidly in the last few months until the situation got out of hand and temporary closure seemed the only way to handle the students.

This means that the Nationalist Party's Coloured policy has not only failed, but that it has all but alienated the Coloured elite from the Whites.

Unless there is an immediate radical change in the political plans for the Coloureds, granting them full citizenship on whatever basis, all commissions of inquiries are meaningless, and the present confrontation will be, not the culmination, but the beginning of tragic events.

—*Sunday Times*, 17.6.73.

NATS BACK DOWN ON COLOURED UNIVERSITY

The Government climbed down over the University of the Western Cape issue yesterday and all the Coloured students will now be allowed back to continue their studies.

At the same time the Minister of Coloured Affairs, Dr. Schalk van der Merwe admitted that the UWC authorities had no right to demand a second undertaking from the entire rusticated student body before they could return.

Coloured leaders and academics conditionally welcomed the Government's climb-down last night, but warned that this left unsolved the serious student grievances that led to the crisis and the closure of the university last month.

UWC student leaders hailed the Minister's announcement as a "complete victory for the Black community", and said they would now demand complete redress of their grievances.

The Minister's announcement follows mounting anger among the country's Coloured people. This resentment crystallised at a protest meeting attended by 12 000 people in Cape Town on Sunday.

DECISION

Dr. Van der Merwe however threatened that "a decision as to further action will be taken in the light of what takes place after the reopening of the university".

—*Rand Daily Mail*, 11.7.73.

RACE POLITICS

Race or racialism cannot be ignored or wished away in politics or future political development in South Africa. All opposition parties—white as well as black—and other bodies opposed to apartheid will have to take race and racialism very seriously indeed. This is so because structures have been created that will increasingly operate on a racial basis. Conceding that the present government will be in power for the foreseeable future, institutional structures like the homeland authorities and the Coloured Persons Representative Council will be given increasingly symbolic or formal recognition, and will in terms of the consequence mentioned above serve as platforms for mobilising support and loyalties in terms of racial awareness and not primarily ethnic awareness. This means that group politics as opposed to individual political participation will increasingly become more significant in South Africa.

Extract from Towards Social Change, the report of the Spro-cas Social Commission.